**PRESIDENSIëLE JAARVERSLAG: 2014-15**
**Frikkie Combrink**
**2015-10-03**

**INLEIDING**

Sedert my eerste verkiesing tot die Raad in 2009, was 2014/15 vir seker my besigste jaar, asook die jaar met die meeste veranderings. Tydens die AJV:2014 is besluite geneem, opdragte vir ondersoeke gegee, asook grondwetlike wysigings aangebring. Vir die eerste keer het die Raad byna daagliks d.m.v. *WhatsApp* met mekaar gekommunikeer oor alle besluite wat geneem is. Daar is *WhatsApp* Notules gehou van alles wat daar bespreek is. Verslae van alle Raadslede was ook reeds die afgelope tyd op die webblad beskikbaar vir lede se insae. Moenie mislei word deur die lengte van die verslae nie – daar is 'n groot klomp werk deur elke Raadslid, asook ons ondersteuningsnetwerk van mense op sub-komitees en die kantoor gedoen.

**SA STAMBOEK & ADMINISTRASIE**

Dis nou reeds 'n jaar later en ons kan nog nie met sekerheid amptelik sê dat verpligte CEM afgeskaf is nie. 'n Formele skrywe van SA Stamboek is reeds aan die owerhede gerig om dit finaal af te skaf, maar die korrespondensie wat ons wel ontvang het, is dat CEM nie afgeskaf is nie en dat ons daarom soos normaalweg steeds moet voortgaan met toetsing.

'n Skokkende 1050 perde is tans op die PENDING lys, waarvan slegs 190 se rede die CEM kwessie is. Die redes vir perde wat PENDING is, sluit die volgende in:

- *Biological ID of sire required : 18*
- *Confirmation of ownership required : 175*
- *Parent not inspected : 6*
- *Parentage not verified : 288*
- *Biological ID of DAM required : 46*
- *CEM : 190*
- *Biological ID of animal required : 223*

Daar is sekere stoete wat uitstaan op die lys van PENDING perde t.o.v. groot getalle.
Talle versoeke word ontvang van eienaars wat perde wil laat brand. Dikwels is daar 'n probleem met ouerskap wat nie geverifieer kan word nie. Ons antwoorde op alle korrespondensie in die verband is konsekwent: dit is die eienaar se verantwoordelikheid om ouerskap te laat verifieer voor 'n perd gebrand kan word. Perde kan gekeur, maar nie gebrand word voor DNS bevestig is nie. Met die toegang wat alle lede tot LOGIX het, is dit vir elke teler moontlik om hulle registrasies gereeld na te gaan en te identifiseer watter perde PENDING is, asook die rede daarvoor.

Daar is gedurende die jaar 'n totaal van 523 geboortes aangeteken. Alhoewel geboortes elektronies aangeteken kan word, is daar nog baie min mense wat van die funksie gebruik maak. Ons moedig lede aan om tog leiding te vra in die verband aangesien dit ook die druk op die kantoor help verlig. 'n Totaal van 372 oordragte van perde is gefinaliseer. Daar is 416 sterftes en 461 kansellasies aan die kantoor deurgegee. Slegs 50% van lede het reageer op die per kapita lyste wat in Mei 2015 uitgestuur is.

Daar word gepoog om die bateregister, soos deur die Kantoor bygehou, elektronies op datum te bring en te stoor. Alles wat tans aan die gebeur is, is die geskiedenis van die toekoms. Die beteregister bestaan uit foto's, artikels, gebeure, ens. wat gedokumenteer word. Ons versoek almal wat 'n bydrae in die verband kan lewer, om dit aan die kantoor te stuur vir veilige bewaring in die argief.
Baie dankie aan Me. Prinsloo, deur wie se hande die meeste van die administrasie en skakeling met SA Stamboek plaasvind. Elize is altyd bereid om te help en dit is nie altyd 'n plesier om moeilike lede te hanteer nie.

**BESTUUR VAN DIE RAAD**

Die Raadslede se portefeuljes was soos volg:

| | |
|---|---|
| Finansies, Borgskappe, SANESA, SAEF | : Mnr. Jan Joubert |
| Kwaliteitsbeheer | : Mnr. Jan van der Wath |
| Regulerende stelsels & skou-reëls | : Mnr. Johannes Langenhoven |
| Keurings & keuringstoere | : Mnr. Jannie Jacobsz |
| Opleiding & Kursusse | : Mnr. AJ Burger |
| SA Boerperd Skoue & Kampioenskappe | : Me. Pope |
| Reklame, Bemarking en Veilings | : Mnr. Charles Campher |
| Skakeling, Dienslewering & Nuwe lede | : Mnr. Dirk Odendaal |

**FINANSIES, BORGSKAPPE, SANESA & SAEF**

Soos gewoonlik, was Mnr. Joubert aan stuur van finansiële sake. Mnr. Joubert is uiters bekwaam in hierdie sleutelposisie en het hom weereens puik van sy taak gekwyt. Dit is egter duidelik ons dat baie lede sukkel teen die agtergrond van die finansiële reses wat ons in ons land stadig bekruip; lede wie se rekeninge agterstallig raak is weer aan die toeneem. Ten spyte van hierdie feit, het ons steeds hierdie jaar gehou by die 30 dae betalingsbeginsel. Indien 'n rekening 90 dae oorskry, word dienste opgeskort. Daar is egter 'n aantal rekeninge wat reeds op 120 dae en ouer lê. SA Stamboek het 'n algemene verhoging in heffings van 7.5 % aangekondig. Lede bly self verantwoordelik vir die vereffening van hulle SA Stamboekrekeninge. Mnr. Joubert hanteer die finansiële detail in sy jaarverslag wat aan die vergadering voorgehou sal word.

Die onderhandelings en herstrukturering van die SAEF gaan steeds voort. Mnr. Michiel Burger is steeds op die SA Stamboek Raad as perdeverteenwoordiger waar hy ons van waardevolle inligting voorsien. Mnr. Joubert is ook nou by hierdie onderhandelinge betrokke a.g.v. sy affiliasie as vise-president van SANESA. Baie dankie aan hierdie lede vir hulle gereelde terugvoer in die verband.

Mnr. Joubert het dan ook vir ons 'n borg van R 300 000.00 gekry by Greenfeeds. Die kontrak is reeds geteken.

**KEURINGS & KEURINGSTOERE**

Die portefeulje is suksesvol beklee deur Mnr. Jannie Jacobsz, wat kon voortbou op beginsels soos vasgelê deur sy voorganger, Mnr. Dirk Odendaal. Die meeste keurings het op sentrale punte op streekvlak plaasgevind. Daar is 'n totaal van 79 hingste gekeur met 'n slaagsyfer van 80%. Die kwaliteit van die perde voorgebring was baie goed. 303 merries/reuns is gekeur met 'n slaagsyfer van 90%. Daar was 15 keurders betrokke in die onderskeie streke. 'n Totaal van 16 205km is altesaam deur keurders afgelê. Keurders het mikro-skyfies saam met hulle na keuringspunte geneem en waar nodig,

is perde ge-*chip*. Die uitgangspunt was om die lede by te staan en die keuringsproses te vergemaklik. Die praktyk van die toediening van mikroskyfies deur keurders sal in die toekoms volgehou word.

Baie geluk aan Mnr. Udo Beneke met sy aanstelling as SA Boerperd keurder gedurende die jaar.

**REGULERENDE STELSELS, SKOU-REëLS & ADMINISTRASIE**
Hierdie is ʼn lywige portefeulje wat ons almal wat skou en/of teel direk raak. Die portefeulje het Mnr. Langenhoven en sy span voor hulle rekenaars gehou. Almal kon deurgaans op die webblad nagaan hoe skou-reëls gewysig is n.a.v. die AJV:2014. Mnr. Langenhoven het reeds vanaf 2014 alle voorgestelde veranderings in skou-reëls op die webblad geplaas vir kommentaar deur lede. Daar was en is steeds baie min terugvoer in die verband. Die grondwetlike veranderings soos tydens die AJV:2014 ingestem, is in die Grondwet aangebring en gepubliseer.

Tydens die AJV:2014, is daar onder meer ʼn mandaat aan die Raad gegee waarvolgens hulle die grondwetlike wysiging t.o.v. die **Verkiesing van Raad en Uitvoerende komitee: Grondwet, Punt 10.3 – 10.9** moes ondersoek. ʼn Taakspan bestaande uit Mnre. Johannes Langenhoven, Jan Joubert en Michiel Burger is saamgestel om die saak te ondersoek. Die gevolg hiervan was die dokumente wat aan u ge-e-pos is (in Afrikaans en Engels).

Gedurende die afgelope paar jaar, het dit weereens duidelik geword dat dit wel nodig is om ons Dissiplinêre Kode met die nodige tugstappe uit te brei en te verfyn. Mnr. Langenhoven het ook die taak gekry om die dokument saam te stel, wat dan reeds deur die Raad goedgekeur is. Die dokument is in Afrikaans en Engels regstegnies versorg en ook aan lede gestuur vir kennisname. Mnr. Langenhoven het uitgebreide navorsing in die verband gedoen en die Raad is van mening dat dit ʼn regverdige, deursigtige en konsekwente proses is wat voorsiening maak vir die rekordhouding van insidente en oortredings, soos ook deur die FEI toegepas.

Die webblad is opgedateer en nou ook selfoon-vriendelik. Dit is deur die Raad getoets en goedgekeur.

**OPLEIDING & KURSUSSE**
Gedurende die jaar, is daar weereens ʼn Beoordelaars-Bosberaad gehou. 11 uit 17 genooide beoordelaars het die geleentheid bygewoon. Die Raad het besluit dat hierdie jaarlikse geleentheid voortaan bekend sal staan as die SA Boerperd Beoordelaars Seminaar. Hierdie geleentheid is deur Mnr. AJ Burger gefasiliteer en het plaasgevind op 6 Junie 2015, Parys Afri-Dome. Hierdie jaar is daar gefokus op die ontwikkeling van bestaande beoordelaars deur hulle aan persoonlikheidstoetse toetse en die interpretasie daarvan bekend te stel. Op hierdie manier kon hulle hulself beter leer ken en in die proses ook beter begrip vir mekaar, sowel as vertoners tydens beoordeling, ontwikkel.

Die 3-jaarlikse SA Boerperd beoordelaarskursus vind plaas direk na die AJV:2015, 3-6 Oktober 2015 in die Parys Afri-Dome. Daar is voorsiening gemaak en begroot vir 30 kursusgangers. Tans is 20 kursusgangers geregistreer. Die kursusaanbieders sluit in Me. Sandra Bosman, asook Mnre. AJ Burger, Johannes Langenhoven en Dirk Odendaal. Na afloop van die kursus sal skriftelike eksamens afgelê word. Die besluit om die kursus op Sondag, 4 Oktober 2015 te laat begin, het ʼn groot besparing tot gevolg. Die Afri-Dome bied hulle venue gratis aan vir hierdie geleentheid. Kursusgangers is ook meestal reeds hier. Sondagaktiwiteite is reeds voorheen deur die Raad goedgekeur, aangesien talle

buite-aktiwiteite m.b.t. perdesport in besonder, op ‘n Sondag plaasvind (Verw. RV 21 Augustus 2014, Bl. 15: 17.1. MAGTIGING: Grondwet, Bl. 13:11.34: Magte en pligte van die Raad).

**SA BOERPERD SKOUE & KAMPIOENSKAPPE, NUUSBRIEF, MERIETES & EREKLEURE**

Om hierdie pos te kon volstaan, moes Me. Pope baie dae weg van die huis deurbring. Afgesien van die Nasionale Kampioenskappe, het sy ook die Trans-Natal Kampioenskappe, sowel as die Vrystaat en Gauteng Kampioenskappe bygewoon om toe te sien dat die nuwe skou rekenaarprogram (*Quadrat Plan*) korrek geïmplementeer word. Daar was groeipyne in die verband wat uitgesorteer moes word. Om die program te implementeer, was dit nodig dat die data ons van SA Stamboek verkry, deurgaans konsekwent en op dieselfde wyse ingevoer is. Dit was egter nie die geval nie, met die gevolg dat die *Quadrat Plan* rekenaarprogram die inligting nie volledig kon prosesseer nie en talle regstellings een-vir-een aangebring moes word. Daar is intussen met SA Stamboek onderhandel om alle data in die toekoms so te hanteer dat dit in albei programme, nl. Logix, sowel as *Quadrat Plan* gebruik kan word. Baie geluk aan Me. Pope wat die volle pad gestap het om die implementering daarvan en elektroniese skou-inskrywings moontlik te maak. Me. Pope was ook verantwoordelik vir die reëlings van die jaarlikse HOY Skou te KEP, sowel as die Gauteng Kampioenskappe. Die punte wat verdien word by HOY word vanaf die begin van die jaar in aanmerking geneem by die berekening van merietes en erekleure.

Vir die eerste keer is die Tradisionele Skou-klasse in 2015 verdeel in die 3 afdelings soos bespreek op die AJV:2014, nl. (1) Vertoonperd klasse (2) Tradisionele ry-perd klasse en (3) Plesierperd klasse. Kruisinskrywings is toegelaat. Die saak is egter verder deur die Raad ondersoek en daar is besluit dat die klasse in die toekoms soos volg aangevul en gewysig sal word:

i. Geen kruis-inskrywings word toegelaat tussen die 3-gang klasse van Vertoonperd-, Tradisionele- of Plesierperd klasse nie.
ii. Vertoonperd-, Plesierperd-, sowel as Tradisionele klasse word uitgebrei na 0/5 en bo 5 jarige perde, elk met sy eie kampioenskap. Indien daar min inskrywings is, kan die klasse saam gery, maar apart ingeskryf en beoordeel word om tyd te bespaar.
iii. Vertoonperd en 5-gang ruiters word verplig om die SA Boerperd kleredrag (kneukel-lengte baadjie met wyer rybroek) te dra. *Cut Back* saals is *verkieslik*, maar nie verpligtend nie.
iv. 5 Gang klasse onder 6 jaar (H/M/R) word kan ook gekombineerd saam gekry, maar apart ingeskryf en beoordeel word soos hierbo (ii).
v. Nuwe 5 gang klas: Nuweling 5-gang ryperd, 6 jaar en ouer (alle geslagte). ’n Nuweling perd kan slegs vir EEN jaar se skou-reeks vir die klas inskryf indien die perd nog nie onder 5 gery het nie. Dit is geldig vir slegs die eerste skou-jaar van ’n perd. Slegs EEN Nasionale Kampioenskap kan so ingeskryf word.

Tydens die AJV:2014 is besluit dat lede die geleentheid sou kry om per sms te stem vir die verskuiwing van die Nasionale Kampioenskappe na Junie/Julie 2015, wat dan ook so gebeur het. Die gevolg was dat daar ’n baie kort tydjie was om die skou in te reël. Me. Pope en haar span het hulle egter uitstekend van hulle taak gekwyt en die skou het sonder enige appèlle, of onsmaaklike insidente verloop. Alle bloed wat getoets is, was vry van verbode middels. Daar was ’n totaal van 218 perde op die skou. 26 Hingste was ingeskryf vir die stêr-hings veiling en die hoogste bod is toegeslaan op ’n dekking van R 12 500 by Eggo Klinker III wat behoort aan Me. Erika Burger. Die datum vir die Nasionale Kampioenskappe 2016 is tentatief vasgemaak vir 3-10 Julie 2016 by die Afri-Dome, Parys. Dit is die middelste week van die skoolvakansie en behoort die meeste lede te pas.

Daar was vanjaar ’n duidelike ouderdomsverskil sigbaar in die grootte van perde vertoon in die stêr-vul klas. Daarom het die Raad besluit dat die dek-datum vir stêr-vullens dus *verkieslik* vanaf 1 November 2015 moet wees. Die geboorte-datum van die stêr-vullens sal dan *waarskynlik* die daaropvolgende Oktober in 2016 val. Kennis van merries wat gedek is, word aan die kantoor gegee voor einde 1 April 2016. Eienaars van hingste hou ook rekord van dekkingsdatums.

Die Nuusbrief, wat onder Me. Pope se portefeulje val, word steeds deur Petro Grové hanteer. Met die huidige effektiewe e-kommunikasie het dit egter oorbodig geword om 4 Nuusbriewe per jaar die lig te laat sien. E-kommunikasie is vinniger kan op korter kennisgewing geaktiveer word. Sover is daar vanjaar 2 Nuusbriewe saamgestel. ’n Derde Nuusbrief sal saamgestel word na die AJV:2015.

Geluk aan Riana Pretorius met haar aanstelling as SA Boerperd Beoordelaar.

**REKLAME, BEMARKING & VEILINGS**

Tydens die AJV:2014, is die moontlikheid van die herinstelling van ’n Nasionale Veiling (moontlik na die Kampioenskappe in Parys) breedvoerig bespreek. Die vergadering het besluit om die mandaat aan die Raad te gee vir ondersoek en besluitneming. Mnr. Charles Campher het dan ook ’n in diepte ondersoek geloods en aan die Raad voorgelê. Nadat die voor- en nadele vir die herimplementering van ’n jaarlikse Nasionale Veiling is deeglik bespreek is, het die Raad bevind dat dit nie tot die voordeel van ons ras is nie.

Wat ander veilings betref, het daar in 2015 slegs 2 veilings onder die beskerming van die Genootskap plaasgevind nl. (1) die Devondale Veiling en (2) die Mahashi veiling.

Reklame artikels is geplaas in die *Landbou Weekblad*, sowel as die *Veeplaas*. Daar was 2 insidente waar die *Landbou weekblad* (1) nie foto’s geplaas het wat ons aan hulle gestuur het vir ’n foto-artikel nie, en (2) die SA Boerperd naam verkeerdelik by die Boerperd Amateur Unie gebruik is. Daar is beide gevalle met hulle geskakel om dit reg te stel.

’n Nuwe SA Boerperd Pamflet is ook saamgestel met die oog op die oop mark. Baie dankie aan Mnre. Campher en Van der Wath, sowel as Renata Louwrens en Petro Grové vir hulle insette.

**SKAKELING, DIENSLEWERING & NUWE LEDE**

Met sy magdom kennis en ervaring, het Mnr. Odendaal deur die jaar met ALLE nuwe lede geskakel en hulle tuis laat voel in die genootskap. Hy kon ook aan almal verduidelik hoe alle prosesse in die genootskap werk. Daar is tans ’n tendens dat telers hulle stoete verklein en hulle lidmaatskap in die genootskap verander na skou-lidmaatskap. Daar is tans 206 telers en 32 skou-lede.

Baie dankie aan Mnr. Odendaal vir die hantering van die reëlings, kontrak en skakeling met Hoërskool Wagpos (Morgenzon) waar 5 SA Boerperde aan hulle geskenk is.

**KWALITEITSBEHEER**

Hierdie portefeulje is weereens beman deur Mnr. Jan van der Wath. Dit is vir ons ’n voorreg om hom nog op die Raad te hê aangesien hy eerstehandse kennis het van perde waarvan ons jonger geslag nog net gehoor het. Dit was dan ook sy taak om alle dokumente wat uitgaan vir publikasie deeglik na

te gaan sodat dit inhoudelik en feitelik korrek is. Mnr. Van der Wath lewer noodsaaklike insette vanuit ŉ historiese perspektief en dit is van onskatbare waarde op die Raad.

**JEUG-AKSIE**

Baie dankie aan Petro Grové en haar span vir 2015 se Jeugaktiwiteite. In elke provinsie was ŉ mentor en 2 Jeugraadslede verkies. Hulle take is onder meer om ŉ jeugbyeenkoms vir elke streekkampioenskap te reël. Baie geluk aan Kristen Joubert wat haar uitstekend van haar taak as hoofmeisie gekwyt het.

SANESA is een van die grootste vertoonvensters van ons ras. Daar is kwalik ŉ klas waar SA Boerperde nie gesien word nie. Hulle prestasies spreek dan ook vanself. Mia Joubert is in 2014 aangewys as Victrix Ludorum op SA Kampioenskapsvlak by SANESA. Om die rede, het Petro Grové dan ook ŉ volblad artikel met foto's oor haar saamgestel wat geplaas is in die HQ Pony. Kristen Joubert was die naaswenner.

**TEN SLOTTE**

Baie dankie vir die vertoue in my gestel om die jaar as President te kon optree. Alle take deur die AJV:2014 aan die Raad opgedra, is uitgevoer en oor verslag gedoen. Ek vertou dat u tevrede was met die bestuur van sake. Ons behoort immers almal ten minste een passie te hê, nl.: *die uitbou van die naam en reputasie van die SA Boerperd as die perd vir die toekoms.*

AANVAAR : Mnr. AJ Burger
GESEKONDEER : Mnr. Carel Jacobsz